**Donderdag 2 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 5:22 – 6:8**
**Fokusgedeelte: Eksodus 6:3-4 (AFR53)**
**Die HERE is in beheer en dink aan sy verbond**

Die HERE het verlossing uit die slawerny van Egipte belowe vir sy volk. Wanneer Moses die eerste keer na die farao toe gaan, dan word die slawerny net erger. Hiermee saam beskuldig die opsigters en die volk nou vir Moses en Aäron. Moses bereik ’n groot laagtepunt. Hy het gedoen wat hy moes doen, maar dit gaan net nog slegter. Ons bevind onsself ook van tyd tot tyd in so ’n situasie.

Moses gaan dan na die HERE toe (Eks. 5:22-23). Moses soek die gemeenskap op met sy HERE. Hy bring sy stryd en sy klagtes na die HERE toe. Daar kom vir Moses antwoord. Daar is gemeenskap. Eerstens wys die HERE vir Moses dat *Hy Self totaal in beheer is*. Nou, wanneer Moses en die volk verslae staan oor wat gebeur, wanneer hulle op hulle einde gekom het, nou gaan die HERE sy heerlikheid wys. Nou gaan Hy sy volk verlos deur ’n sterke hand (Eks. 5:24). Ons HERE is in beheer!

Tweedens herinner die HERE vir Moses dat *Hy aan sy verbond dink* (Eks. 6:3-4). Die HERE gaan sy beloftes wat Hy gemaak het, nou waar maak. Hy is HERE, Hy is Jahwe, Hy is die Verlosser. En dit gaan die HERE nou kragtig vir sy verbondskinders kom wys met hulle verlossing uit Egipte. God sien sy volk se ellende en dink aan sy verbond en *bewerk verlossing*. En juis dit getuig van Jesus Christus. Ons HERE sien ons ellende en onthou sy belofte van verlossing en stuur sy Seun, Jesus Christus. *“Geloofd sy die Here, die God van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het, en ’n horing van heil vir ons opgerig het ... deur aan sy heilige verbond te dink, aan die eed wat Hy gesweer het vir Abraham, ons vader ...”* (Luk. 1:68-73).

Ons HERE is in beheer en Hy dink aan sy verbond, ook vandag nog as ons dink daar is geen uitkoms meer nie. In Jesus Christus sien ons dat dit ’n waarheid is waaraan ons onwankelbaar kan vashou deur die geloof.

*Sing: Psalm 89-1:11, 15*

*Ds. R Boersema (Reinhart) (Vryburg)*